# 232. LOOF YAHWEH DIE SKEPPER, KONING

```
     G                 D        G
1.   Loof Yahweh die Skepper, Koning;
     C          G          D      G
     loof Hom, deur wie ons bestaan.
                    B7    Em
     Loof Hom alle hemelwesens,
                       A7            D
     loof Hom son en prys Hom, maan.
                          B7      Em         Am               D       G
     Kom en loof Hom, kom en prys Hom, kom en loof Yahweh se Naam!

     G                D    G
2.   Loof Yahweh, o alle volke;
     C          G     D      G
     loof Hom, alles wat bestaan.
                           B7        Em
     Loof Hom, weerlig, sneeu en wolke;
                          A7  D
     loof Hom, meer en oseaan.
                          B7      Em         Am               D       G
     Kom en loof Hom, kom en prys Hom, kom en loof Yahweh se Naam!

     G                     D    G
3.   Loof Hom, konings, alle vorste,
     C      G       D      G
     almal wat op aard' regeer.
                           B7        Em
     Loof Hom, kinders, mans en vroue;
                       A7      D
     loof Hom, almal, buig jul neer.
                          B7      Em         Am               D       G
     Kom en loof Hom, kom en prys Hom, kom en loof Yahweh se Naam!
```